# Die evangelie volgens

# MARKUS




Op jou knieë voor die
ALLERHOOGSTE
Markus 5:21-43

21 Jesus het daarna met die skuit
teruggevaar oorkant toe en toe Hy nog
daar by die see was, het 'n groot menigte
om Hom saamgedrom. 22 Een van die
raadslede van die sinagoge, 'n man met
die naam Jaïrus, kom toe daar aan. Net
toe hy vir Jesus sien, val hy op sy knieë voor
Hom 23 en smeek Hom dringend:

MARKUS 5:21-43

"My dogtertjie lê op haar uiterste. Kom lê
tog u hande op haar, sodat sy kan gesond
word en lewe."
24 Hy het saam met hom gegaan. 'n Groot
menigte het agter Hom aan gegaan en
hulle het van alle kante af teen Hom
gedruk.

MARKUS 5:21-43

25 Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar
lank aan bloedvloeiing gely het. 26 Sy het
baie gely onder die behandeling van talle
dokters en het alles wat sy gehad het,
daaraan bestee. Sy het egter geen baat
daarby gevind nie; haar toestand het
eerder vererger.

MARKUS 5:21-43

27 Sy het van Jesus gehoor en in die
gedrang nader gekom en van agter af
aan sy klere geraak, 28 want sy het gedink:
as ek maar net aan sy klere kan raak, sal
ek gesond word. 29 En dadelik het die bron
van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy
kon aan haar liggaam agterkom dat sy
van haar kwaal ontslae was.

MARKUS 5:21-43

30 Jesus het ook self onmiddellik geweet dat
daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het
Hom in die gedrang omgedraai en gevra:
"Wie het aan my klere geraak?"
31 Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien
tog dat die mense van alle kante af teen U
druk, en dan vra U nog: Wie het aan My
geraak?"

32 Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit
gedoen het. 33 Die vrou het geskrik en gestaan
en bewe, want sy het besef wat met haar
gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë
kom val en vir Hom haar hele geskiedenis
vertel. 34 Daarna sê Hy vir haar: "Dogter, jou
geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir
goed van jou kwaal genees!"

MARKUS 5:21-43

35 Terwyl Jesus nog met die vrou praat, kom
daar mense van die raadslid van die sinagoge
se huis af en sê vir hom: "U dogter het
gesterwe. Waarom val u nog ons Leermeester
lastig?"
36 Jesus het egter met die een oor
gehoor wat daar gesê word, en Hy sê toe vir
die raadslid van die sinagoge: "Moet jou nie
ontstel nie. Bly maar net glo!"

MARKUS 5:21-43

37 Jesus het niemand behalwe Petrus, Jakobus
en Johannes die broer van Jakobus toegelaat
om verder saam met Hom te gaan nie. 38 Hy
kom toe by die huis van die raadslid van die
sinagoge aan en sien die hele gedoente van
mense wat verskriklik huil en te kere gaan. 39 Hy
het ingegaan en vir hulle gesê: "Wat raas en
huil julle so? Die kindjie het nie gesterwe nie, sy
slaap net."

MARKUS 5:21-43

40 Hulle het Hom uitgelag.
Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy het net
die pa en die ma van die kindjie en die drie
dissipels wat by Hom was, saamgeneem en in
die kamer ingegaan waar die kindjie was. 41 Hy
vat toe die kindjie se hand en sê vir haar:
"Talita, koem!" Dit beteken: Dogtertjie, Ek sê vir
jou, staan op!

MARKUS 5:21-43


42 Dadelik het die dogtertjie opgestaan en
begin loop; sy was al twaalf jaar oud. Die
mense was stom van verbasing. 43 Hy het
hulle toe streng opdrag gegee om
niemand anders daarvan te laat hoor nie
en gesê hulle moet vir haar iets te ete gee.
MARKUS 5:21-43


Op jou knieë voor die
ALLERHOOGSTE
Markus 5:21-43